**Donderdag 14 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 2:8-19; HK Sondag 3, Vraag 7**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:16, 17**

### Wat was op die spel by die sondeval?

Hier op aarde vind soms groot rampe plaas wat baie ellende en verdriet kan veroorsaak. Daar is egter geen ramp wat eers naastenby vergelyk kan word met die sondeval nie, want die ramp van die sondeval is die oorsaak van al die rampe en ellende in die wêreld. Die smartlike gevolge daarvan raak die totale mensdom al die eeue van sy bestaan hier op aarde.

Hoe het dit dan gekom dat ’n skynbaar nietige sakie soos die eet van ’n verbode vrug sulke ontstellende gevolge kan hê? Dit besef ons eers as ons weet waarom dit gegaan het by die eet of nie eet nie van die verbode vrug.

God het die mens so na sy beeld geskep dat hy spontaan, sonder dat hy daaraan gedink het, God geëer en gedien en volgens sy gebooie gelewe het. God het egter sy eer daarin gesoek dat die mens Hom vry-willig moes dien en gehoorsaam, selfs al was hy in staat om anders te handel. Daarom moes daar by die wet wat by die skepping in sy hart gelê is ’n *ekstra gebod* bykom waarvan die mens die sin nie kon insien nie, maar waaraan hy gehoorsaam moes wees bloot omdat God dit van hom eis.

Hierdie ekstra gebod vind ons in die proefgebod wat lui: *“Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.”* Dat die eet van die verbode vrug die dood sou meebring, was vir die mens iets wat hy nie kon insien nie, maar wat hy moes glo bloot omdat God dit gesê het. Trouens, in Genesis 3:6 word uitdruklik gesê dat die boom se vrugte goed was om te eet en mooi om na te kyk.

Die groot vraag wat uit die proefgebod na vore gekom het, was dus: Sal die mens ook in die skynbaar nietige sakie soos die eet of nie eet nie van die betrokke vrug aan God gehoorsaam wees slegs omdat God dit eis, al kon hy nie die betekenis van so ’n gehoorsaamheid insien nie? As hy gehoorsaam is, sal hy die ewige lewe as erfenis verkry, maar as hy ongehoorsaam is, die ewige dood. Daarom gaan dit hier.

Dit moet ons goed begryp om die sondeval te verstaan.